FICHIE - NUUS

Ervaar die verskil

Posbus 32010 Fichardtpark 9317 / Welthagenstraat, Fichardtpark, Bloemfontein
Tel: 051 5228166 / Faks: 051 5226661
E-pos: Navrae: info@fichies.co.za / Finansies: finansies@fichies.co.za
Skoolhoof: hoof@fichies.co.za / Sport: barrie@fichies.co.za / Klerewinkel: winkel@fichies.co.za

Toekomsstrewe

Fil 1: " [6] Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom."

Ons wense vir die jare wat kom by Fichies is dat die skoolgemeenskap se " [9] liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, [10] sodat *ons* die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. "

Liefde vir ons Skepper en liefde en omgee vir mekaar is verreweg die belangrikste toekomsstrewe wat ons moet nastreef.

Bydraes per graad vir die Kermis. (Vrywillig)

Ons benodig ouers om die oggend van die verkope op 8 September te help pannekoek bak. Sakel asb. vir mnr. Casper by 0823420578 indien u beskikbaar is.

Gr. 1	6 pak koeldrank (Coke produkte)	
Gr. 2	Lekkergoed soos deur ouerkomitee aangevra	
Gr. 3	Nagereg soos deur ouerkomitee aangevra **EN/OF** 6 pak koeldrank (Coke produkte)	
Gr. 4	6 pak koeldrank (Coke produkte)	
Gr. 5	R50 kontantbydrae	
Gr. 6	6A + 6B	6 pak koeldrank (Coke produkte)
	6C + 6D	1 X 5kg sak charcoal
Gr. 7	7A	1 X 5kg sak charcoal of kontant R50
	7B + 7C	6 pak koeldrank (Coke produkte)
	7D	R50 kontantbydrae

Pluimbal

Geluk aan die vlg. spelers wat vir die VS o/17 span gekies is wat in Okt. aan die SA o/17 Kampioenskappe gaan deelneem.

Inette Kotze
Madenie Maree
Nadifne Naudé

Gimnastiek

Miguel Ribeiro—gr. 4A, het 2 medaljes tydens die Noordelike sone kompetisie—vlak 1 ontvang:

- Brons vir mini trampoline
  Brons vir blacktop trampoline

Redenaars

Radikale redenaars—VS Finaal

Baie geluk aan Eben Sander—gr. 2 en Carlise Botha-gr. 6 wat albei eerste plekke behaal het. Hulle neem in Oktober aan die Nasionale Kompetisie deel.

Somerskooldrag

Leerders dra vanaf Maandag, 4 Sept. somerskool/sportdrag.

FOTO'S VIR 2018

Kwotasies word ingewag vir die neem van foto's en DVD's vir 2018. Die gedagte is dat ons volgende jaar wil poog om die foto's in digitale formaat beskikbaar te stel.

Kwotasies kan na mev. Marna van Vuuren ge-epos word, voor of op 30 September 2017 om 10:00.

Gee in verseëlde koevert of PDF - formaat. (finansies@fichies.co.za)

Die spesifikasies sal binnekort op die Communicator verskyn of dit is per hand by die kantoor beskikbaar.

WEB-TUISTE

Belangstellendes wat moontlik wil kwoteer om die skool se webwerf vir 2018 te hanteer, kan die kantoor kontak.

Weekprogram

Ma.	4	Tennisliga dogters o/14 FP B vs WP B tuis Kermis Troeteldierparade rugbyveld 14:00 **Hokkie seuns teen PBS weg**
Di.	5	Kermisjol saal verskillende grade verskillende tye
Wo.	6	Tennisliga seuns o/14 FP B vs Dr. Visser tuis **Hokkie dogters teen PBS tuis**
Do.	7	Kermis Fichies got talent saal 18:00
Vr.	8	Kermisverkope saal 18:00 Tennis Mangaung Metro Rekeningstate na ouers
Sa.	9	Landloop SA kampioenskappe Tennis Mangaung Metro 40 –Jaar. Fees Massabraai 18:00
So.	10	40-Jaar Fees Kerkdiens (FHP NGK) om 09:00

Landloop

Motheo Skole Byeenkoms

Do/9 Duné Koortsen 7de

Do/10 Duaney van Wyk 6de

Albei atlete dring deur na die Vrystaat Skole byeenkoms op 2 September.

Baie sterkte!!!!

Astro Quiz

Baie geluk aan ons Astro Quiz-span: Lourens van Niekerk, Logan van Wyk, Kate-Lynne Grobbelaar en Nikia Pottas wat 'n gesamentlike 4de plek by die Vrystaat finaal van die S.A.A.S.T.A. ASTRO QUIZ behaal het. Dankie mnr. Michael van der Walt vir jou getroue inspirasie.

Onbekende deposito—skoolgeld

Die volgende betaling kan weens foutiewe verwysing nie geallokeer word nie. Kontak asb. vir Marna van Vuuren indien u die betaling gemaak het. Bewys van betaling sal verlang word.

25/08/2017 Skoolgeld R780.00

27/07/2017 DeR M Smith R800.00

AANDAG GR. 4-7

Ons volg Maandag 'n Vrydag akademiese rooster om verlore akademiese periodes in te haal. Buitemuurse aktiwiteite gaan normaal voort soos elke Maandag .

Tennis

Seuns o/14A verloor teen Grey A en die B-span wen teen Curro.

Fichie-hokkie teen Willem Postma

Dogters: Wen 4– en verloor 14 wedstryde. Speel 1 wedstryd gelykop.

Seuns: Wen 3- en verloor 11 wedstryde. Speel 4 wedstryde gelykop.

Water-Woensdae

Ons plante by die skool verdor. Ons doen 'n beroep op leerders om voort te gaan om op 'n Woensdag houers met gryswater na die skool te bring.

Lief en Leed

Verjaardae

- ◊ 8 Sept. Mnr. Tom van Rensburg (Oompie) - Terrein.
- ◊ 8 Sept. Mev. Corrie Kruger—Snoepie.

Meelewing

- ♦ Mej. Chantél Tomas is verloof. Ons is saam met haar opgewonde oor die groot besluit.
- ♦ Mej. Suné Steyn—gr. 1S se vader is die naweek in Jeffreysbaai oorlede.
- ♦ Ruan Marais gr. 5C se oupa is onlangs oorlede.

Ons bid die families die vertroosting van die Heilige Gees toe.

KERMIS KERMIS KERMIS!!!!!!

Troeteldierparade

4 September 2017

Koste: R15
Te koop by Juf Lizé - Mari

Kermisjol

5 September

17:00 – 18:00 Slegs graad 1tot 3

18:00 – 19:00 Slegs graad 4 en 5

19:00 – 20:00 Slegs graad 6 en 7

20:00 – 21:00 Graad 4-7 (Sokkie)

Pakkette by klasonderwyser @R50

Alle Kermis – internetbetalings: KM+leerder naam en van

Fichies got talent

Donderdagaand, 7 September

Kaartjies by registeronderwyser.

Onbespreekte sitplekke!

Toegang is R15

Die weekbrief is by www.fichies.co.za en op die communicator beskikbaar.
Seënwense.

MNR. L. M. KRIEL
(Skoolhoof)

MEV. A. VAN ZYL
(Sekretaresse)